

1. Daniël en sy vriende aan die paleis in Babel

Daniël en sy vriende is reeds tydens die eerste wegvoering van die Judeërs weggevoer na Babel. Dit het gebeur in die derde jaar van koning Jojakim. Daniël se vriende se name was Gananja, Misael en Asarja (Sadrag, Mesag en Abednego).

- In die boek Daniël word meegedeel wat hulle deurgemaak het en die visioene wat Daniël gesien het.
- Die boek is gedeeltelik in Hebreeus en gedeeltelik in Aramees geskrywe. Aramees was in hierdie tyd die algemene internasionale verkeerstaal in die hele ou Nabye Ooste.

Koning Nebukadnesar het Daniël en sy drie vriende uitgekies om hom te dien in sy paleis in Babel. Daarom moes hulle ook in die boeke en die taal van die Galdeërs onderrig word.

- Nebukadnesar wou van Daniël en sy drie vriende sulke egte Galdeërs maak dat hulle hulle eie vaderland en godsdiens sou vergeet.
- Hulle het ook ander name gekry, name wat herinner aan die gode van Babel. Daniël is genoem Beltsasar, en sy vriende is genoem Sadrag, Mesag en Abednego.
- Hulle moes selfs uitsluitlik koninklike kos en drank gebruik.
 - Volgens die wette van Moses was hierdie kos en drank onrein (Lev. 11, Deut. 14). Daarom het Daniël en sy vriende dit beslis geweier.
 - Hier in die heidenland wou hulle nog steeds die wette van God onderhou. Hulle het openlik vir hulle geloof uitgekome, en ook openlik versoek om verskoon te word van die heidense kos en drank.
 - Die koning het hulle toe op die proef gestel. Tien dae lank moes hulle volgens hulle eie wens net groente eet en water drink.
 - Die Here het hulle so geseën dat hulle na tien dae baie beter daar uitgesien het as die ander jongmanne.
 - **Die koning het hulle toe toestemming** gegee om hulle te hou aan die Israelitiese gewoontes.
 - Die Here het hulle ook geseën met verstand, wysheid en insig, en Daniël het nog boonop die besondere gawe ontvang om drome uit te lê. Hulle het hoë eer en aansien gehad aan die paleis van Nebukadnesar.

2. Nebukadnesar se droom oor die groot beeld

Reeds in die tweede regeringsjaar van Nebukadnesar het God die ondergang van Babel aan hom bekend gemaak deur middel van 'n droom wat Nebukadnesar gehad het. Hy kon die droom nie meer onthou toe hy wakker word nie, maar dit het 'n groot indruk op hom gemaak.

- Die wyse manne van die koning kon wel drome uitleë, maar kon nie sê wat die droom was nie.
- Die koning het toe bevel gegee dat al die wyse manne, ook Daniël en sy vriende, doodgemaak moet word.
- Daniël het vir die koning uitstel gevra.
- Hy het sy toevlug tot die Here geneem en om lig en wysheid gevra. Die Here het sy gebed verhoor en die droom aan hom bekend gemaak.
- Daniël het daarop na die koning gegaan en hom laat verstaan dat die eer vir alles wat hy aan die koning kan vertel, aan die Here toekom.
- Toe het Daniël vertel wat die koning in sy droom gesien het.
 - Daar was 'n groot beeld waarvan die kop van goud was, die bors en arms van silwer, die maag en heupe van brons, die bene van yster, en die voete van yster en klei.
 - Daar het 'n klip losgeraak, sonder dat 'n mens se hand daaraan geraak het, en die beeld fyngestamp.

- Die klip het 'n rots geword wat die hele aarde bedek het.
- Daniël het ook die uitleg hiervan gegee.
 - Die koning self is die kop van goud.
 - Na hom sou daar nog drie koninkryke kom wat oor die aarde regeer, en wat uiteindelik vernietig sou word deur 'n koninkryk wat deur God self opgerig sou word en wat vir altyd sou bestaan.

Die droom en sy uitleg word gewoonlik so verklaar dat dit gaan om die opvolging van die Babiloniese ryk, die Medies-Persiese ryk, die Grieks-Masedoniese ryk en die Romeinse ryk, wat dan uiteindelik vernietig word deur die koninkryk van Christus. **Die toekoms behoort dus nie aan die vyandige wêreldmagte nie, maar aan die Seun van God.**

Vir Nebukadnesar was dit 'n duidelike voorspelling van die val van Babel.

- Nebukadnesar was verslae, maar ook so diep onder die indruk dat hy die eer aan God gegee het.
- Hy het aan Daniël hoë eer betoon, en op Daniël se versoek het sy vriende ook hoë posisies ontvang.
- Dit het nie beteken dat Nebukadnesar oorgegaan het tot die godsdiens van Daniël en sy vriende nie.
 - Net soos Darius later, het ook Nebukadnesar steeds sy eie god vereer, maar ook geen beswaar daarteen gehad om enige ander god te eer wat sy mag op buitengewone wyse openbaar nie.
 - Die heidendom het nie 'n oog vir die absolute karakter van die godsdiens, naamlik dat net één godsdiens die ware kan wees nie.
 - Dit is 'n gevaar wat deur al die eeue voorgekom het en nog steeds voorkom.

3. Daniël se vriende in die brandende oond

'n Tyd hierna het Nebukadnesar 'n groot beeld van goud laat maak en dit in die Duradal opgerig. Die beeld was dertig meter hoog en drie meter breed. Dit is nie seker watter soort beeld dit presies was nie.

- Die koning het al sy dienaars, onder wie ook die vriende van Daniël, opgeroep na die Duradal.
 - Hy het hulle beveel dat almal moes buig en die beeld aanbid toe die musiek-instrumente die oomblik aankondig.
 - Wie nie gehoor gee nie, sou onmiddellik in 'n brandende oond gegooi word.
- Die drie vriende van Daniël het beslis geweier om hierdie bevel van die koning te gehoorsaam.
 - Toe dit aan die koning bekend gemaak is, het hy woedend geword en beveel dat die drie manne voor hom gebring word.
 - Hy sou hulle nog 'n kans gee, maar het gedreig dat as hulle op die gegewe moment nie buig en die beeld aanbid nie, hulle in die brandende oond gegooi sou word.
 - Moedig en kalm het die drie die koning meegedeel dat hulle nie die beeld sou aanbid nie. Hulle dien God, wat magtig is om hulle uit die brandende oond te red.

Toe Nebukadnesar dit hoor, het hy baie woedend geword en beveel dat die oond sewe maal warmer gemaak moes word.

- Toe het hy Sadrag, Mesag en Abednego daarin laat gooi.
- Die oond was so warm dat die manne wat hulle daarin gegooi het, deur die vlamme doodgebrand is.
- Die Here het sy dienaars beskerm en sy engel gestuur om hulle in die oond te bewaar.
- Die koning was verskrik toe hy sien dat die drie manne nie deur die vuur verteer word nie, en dat daar 'n vierde wese, wat soos 'n hemelwese gelyk het, by hulle in die oond was.
- Nebukadnesar het na Sadrag, Mesag en Abednego geroep om uit die oond te kom, en hy het gesien dat selfs hulle hare en klere nie eers geskroei was nie.

Hierdie wonder het op Nebukadnesar die uitwerking gehad dat hy hom klein gevoel het en die God van Sadrag, Mesag en Abednego geloof het. Hy het selfs bevel gegee dat wie met minagting oor God praat, met sy lewe daarvoor sou boet.

4. Nebukadnesar se vernedering

Al hierdie ontsaglike gebeurtenisse het Nebukadnesar wel die grootheid van die God van Israel laat ken, maar hy sou 'n swaarder leerskool nodig hê om sy plek teenoor die Almagtige God te verstaan.

- Nebukadnesar se hoogmoedigheid het die oorhand oor hom gekry. Hy het 'n magtige koninkryk gehad; daar was nie 'n stad in die hele wêreld wat aan Babel gelyk was nie en hy het begin om hom op sy eie mag te beroem.
- Daarom wou die Here hom verneder. Nebukadnesar het toe weer 'n droom gehad. Daar was 'n groot, sterk boom in die middel van die aarde. Sy top het aan die hemel geraak, sy blare was mooi, daar was baie vrugte aan en die diere het in sy skadu geskuil en die voëls het in sy takke nes gemaak. Toe kom daar 'n engel uit die hemel en beveel dat die boom afgekap word en dat 'n yster- en bronsband om sy stomp gebind word sodat dit in die grond bly.

Daniël het die droom vir die koning uitgelê. Nebukadnesar self is die boom. God het hom hoog verhef en aan hom mag gegee wat oor die hele aarde gestrek het, maar Nebukadnesar het die eer hiervan vir homself opgeëis. Daarom sal hy sy mag verloor en sy glans sal verbleek. Hy sal kranksinnig word, deur die mense verstoot word, en gras eet soos die beeste. Dit sal so voortduur totdat sewe tydperke oor hom gekom het, totdat hy die mag van God sou erken. Daniël het Nebukadnesar vermaan om met sy sondes te breek en om met reg en barmhartigheid te regeer. Nebukadnesar het hom nie bekeer nie.

- Na 'n jaar het hy op die dak van die paleis geloop en hom op sy eie grootheid beroem en hom verhef oor die groot Babel wat hy gebou het.
- 'n Stem uit die hemel het toe aangekondig dat sy koningskap van hom af weggeneem gaan word.
 - Hy het soos 'n dier geword en het gras geëet soos die beeste.
 - Na die bepaalde tyd verby was, het hy sy verstand teruggekry, en toe het hy erken dat God die Allerhoogste is, en dat die bewoners van die aarde niks teenoor Hom is nie.
- Hy het toe die Here geprys en verheerlik.

5. Daniël onder Belsasar en Darius

5.1 Val van Babel en dood van Belsasar

Die ondergang van die ryk van Babel het nie in Nebukadnesar se leeftyd plaasgevind nie. Dit het eers tydens die leeftyd van Belsasar, 'n opvolger van hom, gebeur. Uit buite-Bybelse gegewens weet ons dat hy 'n kleinseun van Nebukadnesar was.

- Terwyl daar by Nebukadnesar nog eerbied vir die God van Israel was, het dit alles by Belsasar ontbreek.
- Hy was 'n goddelose en hoogmoedige koning. Hy het 'n groot ete gegee waar al sy hoofamptenare, sy vroue en sy byvroue teenwoordig was.
 - Onder die invloed van die wyn het hy beveel dat die goue en silwerbekkers wat Nebukadnesar uit Jerusalem weggevoer het, gehaal moet word sodat hulle daaruit kon drink.
 - **Daarmee wou hy openlik te kenne gee dat hy geen eerbied vir die God van Israel het nie.** Hy het 'n bespotting gemaak van alles wat vir Israel heilig was.
- God laat hom nie bespot nie. Terwyl die God-onterende fees aan die gang was, het daar 'n geheimsinnige hand verskyn wat op die gepleisterde muur geskryf het. Niemand kon die woorde lees nie.
 - Op aandrang van die koningin is Daniël uiteindelik gehaal en die koning het beloof dat as hy die skrif kon lees en uitleê, hy oorlaai sou word met eerbewyse.
 - Daniël het die beloning afgewys.

- Hy het Belsasar verwyd dat terwyl hy goed geweet het hoe God die hoogmoed van Nebukadnesar gebreek het, hy hom nogtans verhard en verhef het.
- Hy het God openlik getart deur die heilige tempelvoorwerpe te ontheilig.
- God het getoon dat Hy nog daar is met die woorde wat hy teen die muur geskryf het. Die woorde was: “Mené Mené, Tekel, Ufarsin” – “getel, getel, geweeg en verdeel”, dit wil sê God het Belsasar se koninkryk getel, en Hy maak ’n end daaraan; Belsasar is geweeg en te lig bevind; sy koninkryk word verdeel en aan die Mediërs en Perse gegee.

Daniël is ’n koninklike kleet aangetrek en ’n goue halsketting omgehang en hy is verhef tot derde in rang in die koninkryk. Terwyl Belsasar nog gemeen het dat Babel oninneembaar was, het Kores, die koning van die Perse, Babel ingeneem en Belsasar doodgemaak. Daniël het onder die nuwe regering ’n geëerde man gebly.

Die glans van die wêreldmag van Babel het maar ’n kort tyd geduur.

5.2 Daniël in die leeuuil

Daar is nie sekerheid oor wie koning Darius wat hier in die boek Daniël beskryf word, presies is nie. Hy kon moontlik as verteenwoordiger van die koning die regering oor Babel uitgeoefen het. Ons lees dat Darius sy ryk in 120 provinsies verdeel en 120 goewerneys-generaal aangestel het.

- Oor die provinsies het hy drie ministers aangestel, van wie Daniël een was. Daniël was reeds op hoë leeftyd, maar hy het sy werk tot groot genoë van die koning verrig. Hy was die een wat moes sorg dat die koning nie skade ly nie.

Die hoë posisie wat Daniël bekleed het, het die afguns van die ander amptenare gewek. Hulle sou alles in hulle vermoë doen om Daniël uit die weg te ruim, maar hulle kon hom op geen enkele oortreding of onreëlmatigheid betrap nie. Daarom moes hulle ’n ander plan beraam.

- Hulle het Darius toe oorreed om ’n verbod te bekragtig dat niemand gedurende 30 dae enige god of mens mag aanbid nie behalwe vir die koning alleen.
- Die verbod was volgens die wette van die Mediërs en Perse onherroeplik, en wie dit oortree, moes in die leeuuil gegooi word.
- Darius het nie die listigheid van hul plan deursien nie en hy het die verbod onderteken.

Daniël het, soos sy gewoonte was, voortgegaan om drie maal per dag voor die Here te kniel en Hom te aanbid.

- Hy was bewus van die verbod van die koning, maar hy het vir geen oomblik geaarsel om eerder aan die wil van God gehoorsaam te wees nie.
- Die dreigement om in die leeuuil gegooi te word, het hom nie verhinder om nog drie maal elke dag voor sy oop venster met sy gesig na Jerusalem te bid nie.
- Sy vyande het sy huis ingestorm, hom gevange geneem terwyl hy besig was om te bid en hom daar en dan by die koning gaan aankla.
- Toe het die koning deur die bese bedoelings van die amptenare gesien, maar hy kon die verbod nie meer herroep nie.
 - Hy het nog probeer om Daniël te red, maar dit was tevergeefs. Daniël is in die leeuuil gegooi.
- Darius het geen rus gehad nie; hy kon nie eet of slaap nie. Daniël was vol geloofsvertroue tussen die leeus. Hulle het hom geen kwaad aangedoen nie.
- Darius het vroeg die volgende môre na die leeuuil gegaan en Daniël geroep en hom gevra of sy God hom kon verlos. Hy het met groot vreugde gehoor dat Daniël nog leef, en Daniël is uit die kuil opgetrek.

Darius het nou beveel dat die vyande van Daniël in die leeuuil gegooi moet word. Die hongerige leeus het hulle dadelik aangeval en vermorsel. **Darius het hierin die hand van die Here erken en die God van Daniël geprys.**

5.3 Daniël se profesieë

Daar is nog 'n hele aantal baie bekende profesieë van Daniël opgeteken in die boek Daniël. Dit is genoeg om te weet dat die hoofdoel daarvan is om op die hand van God in die wêreldgeskiedenis te wys, en dat die beloofde Messias daarin 'n sentrale plek inneem.

6. Terugkeer van die Jode en die herbou van die tempel

6.1 Terugkeer onder Serubbabel en Jesua, en onder Esra

Tydens die Ballingskap het 'n groot deel van die Jode hulle heeltemal begin tuis voel in Babel en nie meer teruggedink aan hul land nie.

- Dit was ook nie die bedoeling van Nebukadnesar om die kultuur van die ballinge heeltemal uit te roei nie, en daarom het sommige van die ballinge selfs belangrike poste in die Babiloniese administrasie en samelewing beklee.
- Toe sewentig jaar van ballingskap verby was, het God weer gedink aan sy volk. Die Babiloniese ryk is intussen deur die Persiese mag onder leiding van koning Kores (Sirus) oorgeneem.
- Tydens die eerste regeringsjaar van Kores het God hom laat besluit om bevel te gee dat die Jode na hulle land mag terugkeer. Hy het hulle selfs daartoe aangespoor.
 - Ongeveer 50 000 man het van hierdie geleentheid gebruik gemaak en onder aanvoering van Serubbabel die land van ballingskap verlaat.
 - Kores het ook die heilige voorwerpe van die tempel aan Serubbabel gegee om terug te gaan na Jerusalem.
- Die priester Jesua het aan die hoof van die priesters gestaan. Toe hulle in die land aankom, het hulle dadelik in Jerusalem bymekaar gekom en 'n altaar gebou en vrywillige offers gebring. Dit was die tyd van die Huttefees, en almal het hierdie fees weer in hulle eie vaderland gevier.
- 'n Geruime tyd later het nog 'n groot getal Jode onder leiding van Esra, die skrifgeleerde, na hulle land teruggetrek.

6.2 Die bou van die tempel

In die **tweede jaar na hulle aankoms het hulle begin met die herbou van die tempel**. Dit was 'n vreugdedag vir die volk, maar die oueres wat die vorige tempel geken het, was hartseer toe hulle aan die vorige tempel en die verwoesting daarvan teruggedink het.

Spoedig het daar moeilikhede ontstaan.

- Die Samaritane het hulle medewerking aangebied. **Die Jode het geweier om van die aanbod gebruik te maak.**
- Daarop wou die Samaritane hulle wreek en hulle het die Jode verdag gemaak by die Persiese koning.
- **Die gevolg hiervan was dat die werk vir vyftien jaar gestaak is (Esra 4).**
 - Die Here het deur die profete Haggai en Sagaria die volk opgewek om met die bou van die tempel voort te gaan. Daar is toe weer dadelik daarmee voortgegaan.
 - Weer het daar teenstand gekom. Die goewerneur Tattenai het aan koning Darius gevra om ondersoek te laat instel of die Jode verlov van Kores gekry het om die tempel te herbou.
 - Die geskrif waarin Kores verlov verleen het, is toe inderdaad gevind, en Darius het bevel gegee dat met die bou van die tempel voortgegaan kan word.
 - In die sesde regeringsjaar van Darius kon die tempel met offerandes en gesang ingewy word.

6.3 Die bou van die stad en die muur

Na die voltooiing van die tempel moes die bou van Jerusalem nou aan die beurt kom. Hulle het vroeër al begin met die bou van die mure, maar as gevolg van die teenstand van die Samaritane het die werk jare lank stilgestaan. Die Here sorg vir sy volk op 'n besondere manier.

- Aan die paleis van die Persiese koning was daar 'n goeie pleitbesorger vir die Jode. Sy naam was Nehemia, en hy was skinker van koning Artasasta.
- Toe hy verneem dat die bouwerk aan die mure van Jerusalem nie vorder nie, was hy baie bedruk. Die koning het gemerk dat hy bedruk was en hom gevra wat die oorsaak daarvan was.
- Toe Nehemia al hierdie sake aan die koning meedeel, het die koning hom verlof gegee om na sy land te gaan en die Jode te help met die heropbou van Jerusalem.
- Die volmag van die koning is aan die goewerneur oorhandig en daarmee was die Samaritane hulle invloed kwyt.

Toe kom daar weer teenstand van 'n ander kant af. Hierdie keer het dit gekom van die omliggende volke onder leiding van **Tobija, Sanballat en Gesem**.

- Tobija was 'n Ammonitiese amptenaar, en hy was ook aangetroude familie van die priester Eljasib.
- Sanballat was die Persiese goewerneur van Samaria.
- Gesem word genoem “die Arabier”. Die Arabiere het as volk in hierdie tyd sterker na vore gekom.

Hierdie drie verteenwoordig dus die omringende volke wat nie genoeg wou neem met die heropbou van Jerusalem en die Joodse land nie. Hulle het die bouwerk in 'n bespotlike lig gestel. Heimlik wou hulle die werk vernietig, en hulle het selfs probeer om Nehemia dood te maak. Nehemia het hom deur niks laat afskrik nie. “Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen,” was sy woorde (Neh. 2:20).

6.4 Hervormingswerk van Esra en Nehemia

Na die voltooiing van Jerusalem se mure kon Esra en Nehemia voortgaan met die geestelike hervormingswerk.

- Esra het hom veral daarop toegelê om die Wet weer in ere te herstel. Hierin is hy getrou deur Nehemia ondersteun.
- Daar het verskeie heidense gewoontes onder die volk ingesluip. Die Jode het hulle deur die huwelik met die vreemde volke vermeng, en selfs die priesters het hulle hieraan skuldig gemaak.
- Esra het nie gerus voordat al die heidense vroue weggestuur is nie.
- Hy het ook toegesien dat die Sabbat weer in ere herstel word.
- Verder het hy die Wet aan die volk voorgelees en die Leviete aangestel om die volk in die Wet te onderrig (Neh. 8).

Toe Nehemia vir Esra gehelp het om die volk weer te bekeer dat hulle die Wet onderhou, het hy teruggegaan na die paleis van die Persiese koning. Nadat hy weg is uit Jerusalem het daar weer verkeerde gebruike ingesluip.

- Daarom het Nehemia die koning versoek om weer na sy land te mag teruggaan, en hierdie keer het hy sonder aansien des persoons die misbruike uit die weg geruim.
- Hy het die kamers van die tempel skoongemaak wat Eljasib, die priester, verontreinig het deur Tobija, die Ammoniet, daarin te laat woon.
- Verder het hy die priesters en die Leviete in hulle amp herstel, en hy het vir hulle onderhoud gesorg.
- Hy het ook die ontheiliging van die Sabbat beveg en teen die huwelike met vreemde vroue opgetree.